

Vrydag 12 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56

Fokusgedeelte: Lukas 1:55

Loof God omdat Hy nie sy ewige beloftes om ontferming vergeet nie

Beloftes wat nie uitgevoer word nie, bly net dit: beloftes. Maak nie saak watter wonderlike beloftes gemaak is nie. Beloftes wat nie nagekom word nie, lei baie keer tot groot teleurstellings of verhoudings wat skipbreuk ly. God se beloftes is egter vas en seker. Ons hoef nooit te twyfel dat Hy dit sal uitvoer nie. Maria sing hiervan in haar *Magnificat*. Dit word so genoem na aanleiding van die eerste woord van Maria se loflied: *Ek verheerlik (maak groot) die Here!* Maria verheerlik die Here omdat Hy nie sy ewige beloftes van ontferming vergeet nie. Wat is dit?

Dit is God se verbondsbeloftes wat Hy aan Abraham gemaak het. In Genesis 15 lees ons dat die Here aan Abraham 'n land en groot nageslag belof het. In hom sou ook al die nasies geseënd wees. Hierdie verbondsbeloftes rus op die Moederbelofte van Genesis 3:15 na die sondeval: *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad, Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Maria loof die Here vir die ontferming (genade) wat Hy aan haar en alle gelowiges bewys het. Hy het sy beloftes tot redding en verlossing van die sonde nagekom. Jesus se menswording is die vervulling van God se beloftes tot redding. Die Ou-Testamentiese offerdiens was net tydelik en het heengewys na die offer van Jesus aan die kruis.

Dit kon selfs lyk asof God sy beloftes van ontferming nie nakom nie. Eers na 2000 jaar is dit vervul. Daar was selfs 400 jaar van stilte nadat die Here deur die profeet Maleagi gespreek het. Op sy tyd en manier vervul God wat Hy belof het! Aan enige van sy beloftes hoef ons nie te twyfel nie. Hy is die Getroue en ek kan Hom altyd in alles vertrou.

God is ook die Ewige. Sy beloftes van verlossing is aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid. Omdat Hy die ewige God is, hoef ek nie te twyfel dat Hy sy beloftes kan laat waar word nie. Jesus se geboorte in Betlehem is die vervulling van al God se beloftes.

Sing: Skrifberyming 4-1:1, 6

Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspuit)